DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE VOORKOMING VAN ONREGMATIGE PLAKKERY

Die Wysigingswetsontwerp op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery wysig die Wet op Voorkoming van Onregmatige Plakkery (No.52 van 1951) wat „voorsiening maak vir die voorkoming en beheer van onregmatige plakkery op openbare of private grond" en wat onregmatige plakkers omskryf as diegene teenwoordig op grond sonder toestemming van die eienaar of regmatige bewoner.

Die wysigingswetsontwerp bepaal verhoogde boetes in onregmatige plakkery (vanaf £25 of drie maande gevangenisstraf of beide tot R200 of ses maande of beide); dit vergroot die omvang van sekere oortredings; verbied die oprigting van of voortgesette teenwoordigheid van bouwerke wat nie deur die plaaslike owerheid gemagtig is nie; en maak voorsiening vir die sloping daarvan en die verwydering van die bewoners.

Die bestaande wet raak onregmatige plakkers en persone wat hulle organiseer of wins maak uit hulle, en dit voorsien sekere prosedures en oortredings ten einde hulle skuldigbevinding en vonnis, hulle uitsetting, die sloping van hulle bouwerke en hulle verwydering na êrens anders te bewerkstellig. Voor die uitreiking van 'n uitsettings - en verwyderingsbevel moes daar eers 'n afkondiging en 'n openbare verhoor wees waar die plakkers regsverteenwoordiging kon hê.

Die wysigingswetsontwerp, soos in die Parlement ter tafel gelê, bevat drie belangrike veranderinge:

<u>SEKSIE 3A</u> maak voorsiening vir swaar strawwe (R500 en/of 12 maande gevangenisstraf) vir eienaars of huurders van grond waarop onregmatige plakkers gevind word. Sodra so 'n eienaar deur 'n hof skuldig bevind is, moet die onregmatige struktuur binne sewe dae op sy koste gesloop word en as hy in gebreke bly om dit uit te voer mag die betrokke plaaslike owerheid dit <u>sonder 'n hofbevel</u> sloop en die koste van sloping en verwydering van die eienaar verhaal.

<u>SEKSIE 3B</u> magtig 'n grondeienaar om, <u>sonder 'n hofbevel</u>, enige gebou of struktuur, wat sonder sy toestemming op die grond opgerig is, te sloop. 'n Plaaslike owerheid mag ook <u>sonder 'n hofbevel</u> enige sodanige „ongemagtigde struktuur" op koste van die eienaar sloop. Die plaaslike owerheid of die Departemente Gemeenskapsbou en of Bantoe Administrasie en Ontwikkeling kan hierdie selfde regte uitoefen selfs op grond wat nie aan hulle behoort nie. Alle sodanige slopings kan slegs geskied sewe dae nadat die persoon wat die struktuur opgerig het skriftelik in kennis gestel is. Hierdie seksie bepaal ook dat dit 'n oortreding is vir 'n eienaar of huurder wat in gebreke bly om die teenwoordigheid van onregmatige plakkers op sy grond „onverwyld" skriftelik aan die Minister van Gemeenskapsbou of die plaaslike owerheid bekend te maak. Versuim hiervan kan 'n persoon 'n boete van R200 of ses maande gevangenisstraf of beide op die hals haal.

<u>SEKSIE 3C</u> gee aan die Minister van Gemeenskapsbou mag om te verklaar dat in 'n bepaalde gebied soos vasgestel in die kennisgewing (wat in die Staatskoerant en in plaaslike nuusblaaie afgekondig moet word), werkgewers wat voornemens is om werknemers van ' bepaalde bevolkingsgroep (soos vasgestel in die kennisgewing) die gebied binne te bring,

2/...... verplig sal wees

verplig sal wees om eers 'n sertifikaat van die plaaslike owerheid te verkry wat sê dat behoorlike huisvesting beskikbaar is óf in daardie gebied, óf in 'n sekere ander gebied; of dat die voornemende werkgewer sodanige huisvesting sal moet voorsien.

Hierdie drie seksies sal 'n ernstige aanval op die regte van individuele burgers uitmaak, sou die wetsontwerp wet word: 'n eienaar sou veronderstel wees om kennis te dra van onregmatige plakkers; hy sou verplig wees om hulle bouwerke te sloop en die mense te verwyder ongeag die aard van hulle huur of die tydperk van hulle teenwoordigheid; die plakker sou sy woning na slegs sewe dae kennisgewing gesloop kon hê sonder toegang tot 'n hof; die onus sou op die individuele eienaar of huurder val om 'n verklikker aan die plaaslike owerheid te wees; werkgewers sou beperk word in hulle keuse van werknemers; die reg van Suid Afrikaners van alle rassegroepe om vryelik werk te soek sou deur 'n verklaring van die Minister aan bande gelê kon word; die plaaslike owerhede sou 'n sekere mate van beheer inboet in hulle eie regsgebiede, en gesag sou verder gekonsentreer word in die hande van die Staatsdepartemente.

Afgesien van hierdie geheel nuwe seksies stel die wysigingswetsontwerp ook ander wysigings voor:

SEKSIE 4 wysig die wet deur aan die Ministers van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling en van Gemeenskapsbou die mag te gee om enige plaaslike owerheid te gebied om 'n noodkamp op te rig vir die huisvesting van herberglose persone. Slegs die Minister sal die reg hê om regulasies uit te vaardig wat voorsiening maak vir die administrasie en beheer van noodkampe, insluitende veral die beheer van handel. Die Minister sal die mag hê om 'n noodkamp gesluit te verklaar.

SEKSIE 5 sal die 'n oortreding maak vir enige persoon om, nie slegs 'n geregsdienaar of 'n persoon wat optree kragtens 'n hofbevel of 'n bevel van 'n Landdros of 'n Bantoesake Kommisaris (soos reeds bepaal in die huidige Wet) nie, maar ook 'n eienaar of 'n amptenaar van die Departement Gemeenskapsbou of die Raad vir Administrasie van Bantoesake lastig te val, te verhinder of teen te gaan in die uitoefening van enige mag soos toegestaan in Seksie 3B(i).

Opsommenderwyse; as hierdie Wetsontwerp Wet word sal:

* die Howe nogeens verontagsaam wees en die Ministers van Gemeenskapsbou en van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling en hulle werknemers geweldige onbeperkte magte hê;
* plaaslike owerhede nogeens hulle selfbestuur verloor het en verplig wees om die twee Ministers te gehoorsaam;
* die vryheid van die individu, beide die van die eienaar of huurder en die van die plakker, nogeens kortgeknip wees;
* wetsgehoorsaamheid alleen nie voldoende wees nie - die onus sal op die eienaar rus om uit te vind of daar onregmatige plakkers op sy grond is en om onverwyld skriftelik van hulle in kennis te stel;
* ergste van alles, instromingsbeheer deur toepassing van die Werknemersklousule op alle rasse (so kom dit voor) toegepas kon word - nie slegs op die Bantoe nie, wat reeds as gevolg van hierdie wet meer gely het dan enigiemand anders.

Alhoewel ons die noodsaaklikheid daarvan erken dat huisvesting wat 'n gevaar vir gesondheid inhou uit die weg geruim moet wor, beweer ons dat die oplossing nie in meer wette en strawwe nie, maar in meer huise te vinde is. Gedurende die tydperk wat dit nodig is om meer huise te voorsien, moet hierdie mense toegelaat word om in hulle bouwerke aan te bly. Nie slegs menslike ordentlikheid nie, maar ook die gesondheid van die gemeenskap vereis die voorsiening van water en noodsaaklike dienste.